PREEK ONS NOG VERSOENING?

Dr Lourens Erasmus

Om eerlik en krities na te dink oor die kerk en die bediening vandag, is uiters belangrik en noodsaaklik. Wat is dié dinge waarmee ons onsself vandag in die kerklike lewe besig hou? Verspil ons nie 'n hele klomp energie op sake wat eintlik maar veel laer op die agenda kan lê nie? Ons skenk byvoorbeeld baie aandag aan kerklike organisasie en strukture. Om begryplike redes. Die eise van die tyd noop ons immers om voortdurend vernuwend te dink en die nodige aanpassings te maak.

Teen die agtergrond van alles wat vandag gaande is in ons kerklike lewe, wil ek dit waag om 'n saak aan te roer wat te make het met die hart van die kerk se bestaan. In die kerklike lewe gaan dit in die eerste en in die laaste plek om God. Dit gaan heel prakties om God se verhouding tot mense. Dit is ook nie 'n swaarwigtige akademiese aangeleentheid waaroor net geleerde teoloë nadink nie. Dit raak elkeen wat deel is van die kerk. Niemand kan hiervan wegkom nie. Ons herstelde verhouding met God. Die Bybel praat van "die boodskap van versoening" (2 Kor 5:19). Hoe is dit gesteld met hierdie "boodskap van versoening" in die kerk? Preek ons nog versoening? Hoor lidmate nog die skerp kant van hierdie boodskap vanaf die kansels? Is dit nog die verwagting wat voor die deur van die prediking en die ganse bediening gelê word: ons wil diepgaande nadink oor die aangrypende werklikheid van ons versoening met God?

Skuld en oordeel

Dit is nogal mode vandag om te praat en te preek van God se liefde. Ons hoor nie sommer preke van die oordeel en die ewige verdoemenis nie. Vir hierdie tyd sal dit so effens vreemd op die oor val. Ons bemoedig eerder en wil ook bemoedig word. Interessant is egter die feit dat die saak van God se oordeel en sy gerig in die hele struktuur van die Bybel ingebed is. Dit is nie maar net 'n saak wat behoort tot 'n duistere oertyd nie. Daar is boeke in die Bybel - soos Jeremia en Judas - wat oor byna niks anders gaan as God se oordeel nie. Mense

> ONS SAL ONSSELF SIEN SOOS ONS WERKLIK IS.

word lewend begrawe onder sy gerig (Num 16:30-35) of kry selfs ’n hartstilstand onder sy oordeel (Hand 5:1-10). Die boek Openbaring praat van ’n lewensboek waarin al jou dade opgeteken sal staan (Op 20:12). In die eindoordeel sal elkeen se lewensboek voor die troon van God oopgemaak word. Ons sal onsself sien soos ons werklik is.

As mens so bietjie terugblaai in jou lewe, ervaar mens tog al iets van die lewensboek wat eenmaal voor die aangesig van God oopgemaak sal word. Soms blaai ons terug en sien die groot dade en die mooi momente van ons lewe. Die dinge waaroor ons nogal heel tevrede is. Met die terugblaai kom jy ook by daardie momente uit waar jy liewers vinnig by verby wil gaan. Ons staan gewoonlik nie te lank daar stil nie. Waarskynlik wil ons baie bladsye in ons lewensboek aanmekaar laat kleef sodat jy liewers nooit weer daarin hoef te kyk nie. Ons het moeite om oor sonde en skuld te praat. Ook in die kerk. En in die prediking. Dit is gewoon nie in die mode nie. Ons sal eerder praat van ’n vergewende God. Of ’n genadige God. Sonder om te besef hoe bitter goedkoop ons die genade maak en vir onsself inprent. In die proses word ons nie meer met ons skuld gekonfronteer nie.

Ons sal eerder praat van ’n vergewende God. Of ’n genadige God. Sonder om te besef hoe bitter goedkoop ons die genade maak.

God se inisiatief

As daar een saak is waaroor die Bybel helder en duidelik is, is dit die feit dat God die een is wat die inisiatief neem in die versoening tussen Hom en die mens. Hy doen dit deur sy Seun Jesus Christus. Die boodskap van die versoening bestaan daarin dat dit God is wat deur Christus die wêreld met Homself versoen en die mense hulle oortredinge nie toereken nie (2 Kor 5:19). Aan die kruis het Christus die skuld en die lyding van die wêreld op Hom geneem. In ons plek het Christus ’n vervloekte geword (Gal 3:13). Hy het ons totale lewe persoonlik gedra. So volkome het Hy Homself met ons geïdentifiseer. Nie net in ’n geestelike sin nie, maar in ’n fisieke en liggaamlike sin. So intens en so volledig het Hy in ons plek voor God die Vader gaan staan. As die Gekruisigde wat met niks minder nie as sy kosbare bloed vir ons betaal het. Volgens die Hebreërbrief (9:22) kan geen vergewing wees, as daar nie bloedvergieting

plaasvind nie. Sonder die dood kom jy nie vry van jou skuld nie. So is Christus gedood tot ’n volkome versoening van al ons sondes.

En ons reaksie?

Eers toe die verlore seun na sy vader se oop arms teruggekeer het, kon hy die liefde en die sorg van sy vader as realiteit beleef.

Wat is ons reaksie as antwoord op die versoeningswerk van God deur Jesus Christus? Hoe antwoord ons in die kerk vandag op die genade van God? Loop ons nie die gevaar dat die genade in die kerk se prediking te goedkoop geword het nie? Gedagtig aan die aangrypende woord in 2 Kor 5:20: "Ons smeek julle namens Christus: Aanvaar die versoening met God wat Hy bewerk het!" Om te sê dat Christus alles vir ons gedra het, is nog nie genoeg nie. Eers in die gelowige aanvaarding daarvan, word dit effektief. Eers toe die verlore seun na sy vader se oop arms teruggekeer het, kon hy die liefde en die sorg van sy vader as realiteit beleef. In ons moderne eeu van ongelooflike vooruitgang op haas alle terreine, moet kerkmense tot vandag toe hoor: Laat jou met God versoen. Keer terug na die Vaderhuis. Om Christus ontwil.

Uitdaging vir die prediking

Die prediking in die kerk van Christus het vandag te make met ’n enorme uitdaging. Ons leef in die sogenaamde postmoderne tydsgewrig. Dit beteken dat mens nie meer soos in die verlede in absolute en outoritêre terme mag dink nie. Daar moet gevolglik ’n groter genaakbaarheid kom in ons denke en optrede. Die gevaar is egter dat die prediking van die versoening in die proses sy skerp Bybelse kant kwyt kan raak. Dit gebeur wanneer die genade goedkoop verkondig word asof dit nie ’n appél uitoefen wat om ’n antwoord en ’n reaksie vra nie. ’n Nederlandse teoloog het ’n tyd gelede ’n boek geskryf met die titel: De terugkeer van die verloren Vader. Met verwysing na die moderne Europese kultuur, voer hy aan dat God die Vader vir die moderne mens soek geraak het. Ook in ons Suid-Afrikaanse konteks moet ons vir onsself die eerlike vraag afvra: Watter mag en gesag oefen die Vader oor ons uit deur sy Woord en Gees? Wie met God die Vader deur Jesus Christus versoen is, aanvaar sy mag en gesag. Volledig en absoluut. Want dit is die mag van sy genade en die mag van sy liefde. Dit is versoening wat effektief geword het. En dit is hierdie versoening met God in Christus wat die orde en die ritme van die kerklike lewe bepaal.

Mag die prediking vanaf ons kansels hierdie uitdaging met oorgawe aangryp. Mag die gemeente vry en rustig asemhaal rondom die prediking van die versoening wat elke keer weer moet uitroep: Laat jou met God versoen!